Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Vuyelwa Madasi**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za | 021 467 2108

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20230801-6871

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0011/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en toepaslike spesiale skole

**Onderwerp: Aanlyn stelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2024**

1. Soos aangedui in Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0009/2023 van 23 Junie 2023, is werkboeke vir graad R tot 9 vir die eerste helfte van 2024 by alle skole afgelewer.

2. Om werkboektekorte en -oorskotte vir graad R tot 9 in die eerste helfte van 2024 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 23 en 27 Oktober 2023 toegang tot SOBIS verkry. Gedurende hierdie tyd moet skole hul werklike getal werkboeke wat vir elke graad ontvang is teenoor hul leerderinskrywingprojeksie vir Januarie 2024 vaslê en afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklys en dan die "Welcome and guidelines-" of "Capture"-skerm.

4. Daar kan met die volgende persone in aanraking gekom word vir bystand met die vaslegging van besonderhede en die aftekenproses daarvan:

   Vuyelwa Madasi, tel. 021 467 2108 of per e-pos by Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za
   Kashiefa Sedien, tel. 021 467 2553 of per e-pos by Kashiefa.Sedien@westerncape.gov.za
   Noncedo Mbali, tel. 021 467 2142 of per e-pos by Noncedo.Mbali@westerncape.gov.za

5. Sodra die skool se werkboekbesonderhede vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting oor werkboektekorte en -oorskotte wat ingewin is, sal via EduInfoSearch toeganklik gemaak word vir die toepaslike distriksamptenare wat, waar daar tekorte en oorskotte is, verantwoordelik sal wees vir die behartiging van die verspreiding en afhaal van werkboeke.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2023-08-23